



Verwysing: 20210126-651  
Lêerno.: T2P Ingesteldheid vir Groei  
Navrae: N. Dodgen

Geagte Skoolhoof

**Onderwerp: 2021 se Ingesteldheid vir Groei (IG) -intervensie vir graad 12**

Die IG-pilaar maak 'n noodsaaklike deel van die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Transformeer om te Presteer-strategie uit. Dit is opgestel om die motiveringsvlakke, houding en ingesteldheid van ons leerders, opvoeders en amptenare aan te spreek. Daar is bewys dat 'n ingesteldheid vir groei leerders help om 'n beter begrip te hê oor hoe hulle brein werk en wat hulle kan doen om verder te beweeg op die kontinuum vanaf 'n vasgestelde of beperkte ingesteldheid na 'n ingesteldheid vir groei. Voorlopige uitslae van skole wat aan die IG-program in 2020 deelgeneem het, het positiewe verbetering in ingesteldheid getoon.

Alle graad 12-skole moet aan die IG-intervensie deelneem om die graad 12-leerders te ondersteun met die verwerwing van positiewe ingesteldhede. Die IG-intervensie is in 'n reeks (drie sessies) van interaktiewe e-plakkate saamgevat. Dit sluit grondlyn- en eindlynvraelyste, video's om 'n ingesteldheid vir groei te versterk en interaktiewe aktiwiteite in. Hierdie plakkate is ontwerp met die doel om leerders se ingesteldhede toenemend te beïnvloed. Toegang tot die plakkate van die drie sessies kan aanlyn via hulle selfone verkry word. Die graad 12-leerders kan deur deelname aan die IG-intervensie sterker en meer vasberade word en poog om deur selfgerigte en onafhanklike leer groter uitdagings te aanvaar. Meer as ooit tevore is houding, ingesteldheid en vasberadenheid nou nodig om die bykomende spanning en druk wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak word, te hanteer.

Distrikte sal die tersaaklike e-plakkate uitreik nadat die vorige plakkaat suksesvol voltooi is en volgens die betrokke tydsraamwerke:

Sessie 1 plakkaat: Maart – April 2021  
Sessie 2 plakkaat: Mei – Junie 2021  
Sessie 3 plakkaat: Julie – Augustus 2021

Die doel is om data te versamel om die standaard van die ingesteldheids- en motiveringsvlakke van leerders teenoor leer en die algemene lewe vas te stel. Inligting wat ingesamel is, sal vir kontrolerings-, evaluerings- en verslagdoeningsdoeleindes gebruik word.

Die IG-inwerkingstellingsgids vir 2021 is vir u inligting en gebruik aangeheg.

Kom met **Noleen Dodgen** by **021 467 9321** in aanraking of stuur 'n e-pos aan [Noleen.Dodgen@westerncape.gov.za](mailto:Noleen.Dodgen@westerncape.gov.za) vir alle navrae oor die inwerkingstelling van die GM-pilaar.

U voortgesette ondersteuning word baie waardeer.

Die uwe

**GETEKEN;** BK SCHREUDER

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2021-02-06